## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


**Terblanche Jordaan**
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad: www.neospektrum.co.za**
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**


ACIM Stad: 18 November
ACIM Kolping: 14 November
Lente ETE — Saterdag 23 Nov '19

**Boekgroep**
**Afsluiting: 2 Desember 2019**
ecs@telkomsa.net
**Fontijn 204, Newhavenstraat**

➢ **bookings@neospektrum.co.za**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

________________________________________

E-Mail______________________________ Sel____________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

SnapScan
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 10 November 2019

## BE THE HEART OF GOD

## LIEFDE, HUWELIK, KIDS

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Jy Is Vrou — Danie Niehaus ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Die liefde is geduldig,
die liefde is vriendelik;
dit is nie afgunstig nie,
is nie grootpraterig nie,
is nie verwaand nie.
Dit handel nie onwelvoeglik nie,
soek nie sy eie belang nie,
is nie liggeraak nie,
hou nie boek van die kwaad nie.
Dit verbly hom nie oor onreg nie,
maar verheug hom oor die waarheid.
Dit bedek alles,
glo alles,
hoop alles,
verdra alles.

— 1 Korintiërs 13:4-7

## STILTE VAN BINNE

## — LEES: Kahlil Gibran se 'The Prophet' —

"In daardie tyd het die dissipels by Jesus gekom met die vraag: "Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?" Hy het 'n kindjie nader geroep en hom tussen hulle laat staan en gesê: "*Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hier-die kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel. En wie so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My.*"
10 *"Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurigdeur in die teenwoordigheid van my hemelse Vader is."* — **Matteus 18:1-5,10**

===================================================================

***1. LOVE possesses not nor would it be possessed; for love is sufficient unto love. When you love you should not say, "God is in my heart," but rather, "I am in the heart of God."*** — jou grootste droom, jou hoogste ideale, en jou diepste hoop het nie te doen met jou Geliefde Ander nie maar met jou Geliefde SELF! As jou *self* ten koste van iemand anders is, is dit nie liefde nie. Liefde is nie gebaseer op *behoeftes en verwagtinge* nie maar om die mooiste en beste in ander te ontsluit sodat Liefde seëvier.

***2. Give your hearts, but not into each other's keeping. For only the hand of Life can contain your hearts.*** — die huwelik moet gebaseer word op vennootskap — 'n bereidwilligheid, openheid, leerproses, groei, (om)gee, (oor)gee, vergiffenis, begrip, aanvaarding, om te laat gaan, deernis, humor, broosheid, heling, lojaliteit, respek, vertroue en commitment! Die doel van 'n verhouding is om te besluit wat se gedeelte van jouself wil jy na vore sien kom, en nie wat se gedeelte van die ander kan jy vasvang en vashou nie!

***3. You are the bows from which your children as living arrows are sent forth. The archer sees the mark upon the path of the infinite, and He bends you with His might that His arrows may go swift and far.*** — kinders vra net twee goed: *wees 'n voorbeeld, en wees konsekwent*. Kyk en onthou: the sense of wonder; the trust in their curiosity to know and understand; an ability to forgive; to speak the truth effortlessly; to always see the best and to have hope in any situation; die ontvanklikheid van 'n kind se kreatiwiteit



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ SHAKESPEARE'S SONNET 18 — DAVID GILMOUR ~

---

Oh liefieding my baby
gedink geloof is sommer net
sonder desire
sonder trust?
Dan sou jy ook kon liefhê
sonder hoop
sonder lust.

Want liefieding my baby
dit reën genade êrens buite
ek wasem bollenkies op glas
en skryf jou naam teen ruite.

Drie keer spel ek:
She loves me
she loves me not
she loves me maybe

Saggies val my oë toe
en ek droom jou naam,
my liefieding my baby.

— Uit 'n Dagboek (1994): Drie Keer Mooier —

---

## Be the Awareness of the Presence of God

~ MY KIND — COENIE DE VILLIERS ~